

Gramadoelas

deur Tom Dreyer, 2007

In hierdie reeks skaar Tom Dreyer hom by 'n eenaardige groepie: die self-eksperimenteerders, die navorsers en wetenskaplikes wat nie geskroom het om hul nuwe konkoksies en apparate op hulself te toets nie. Maar Tom is nog geheg aan liggaam en siel, en sy planne is meer beskeie. Glomailprodukte, kruie-remedies en boererate is waaraan hy in komende weke sy hand en lippe sal waag.

Dit is die aand om die vuur dat die idee kom. Ek en my broer sit agteroor in kampstoele, ons vingers blink van die varkrib waaraan die hond nou lê en kou. Ons kyk uit vir verskietende sterre. Die nag is wyd en oop, en ons hoef nie lank te wag nie; 'n meteoriet kom van die westekant af in, só laag en helder dat dit my aan die trajek van 'n V2-vuurpyl herinner. Hierdie gedagte, tesame met die Jägermeister wat ek en Alex beurtelings vir mekaar aangee, laat ons gesprek kort voor lank by Duitse dinge draai: Die doen en late van die Luftwaffe, die nukke en grille van die Suidwes-Duitsers, die onbesonne waagmoed van die twee Windhoek-Duitsers wat in die oorlogsjare eerder die woestyn ingevaar het as om hul dae in 'n interneringskamp te slyt.

Henno Martin en Hermann Korn was hul name, twee geoloë met genoeg murg in hul pype en genoeg ervaring van veldwerk om vir so iets kans te sien. In sy beroemde boek *Wenn es Krieg gibt*, gehen wir in die Wüste (letterlik "Wanneer daar oorlog is, gaan ons woestyn toe", in Afrikaans vertaal as *Vlug in die Namib*) vertel Henno hoe hulle stillietjies met 'n trokkie uit Windhoek weg is en toe met 'n ompad, wat hopelik enige agtervolgers sou flous, koers gekies het na die Kuiseb-? canyon. Daar het hulle die vragmotortjie versteek en hulself ingegrawe in 'n woesteny waar selfs jakkalse en klipspringers moet bloedsweet om te oorleef. Soos die kraai vlieg, is die canyon maar 150 km suidwes van Windhoek (en omtrent 100 km noordwes van ons vakansieplaas naby Maltahöhe), maar dit is een van die onherbergsaamste plekke op aarde, die oorspronklike Gramadoelas, waar die kwik maklik in die veertigs draai en 'n reënbui nog jare ná die tyd onthou kan word. Maar Henno en Hermann het hare op hul tande gehad en daardie wildernis aangedurf met 'n haelgeweer, 'n Luger-pistool en 'n basterbrak genaamd Otto.

Die vuur brand laer terwyl ek en Alex oor hul 2½ jaar daar in die woestyn bespiegel. Saans was die oorlog 'n vae gerug oor die kortgolfradio, en bedags was hulle in 'n stryd om oorlewing.

Hulle het op hulself leer staatmaak, geleer om kwartels en likkewane te eet, selfs om gemsbokke met die Luger te bekruip; elke koeël was kosbaar, en hulle sou mettertyd só bedrewe raak dat hulle tot 30 tree van een van daardie sku bokke kon kom.

"Smaak my manne was taaier daardie tyd," gee Alex uiteindelik sy opinie, en ek moet saamstem, want ek dink aan al die lekkernye in ons spens, en in die flikkerende lig van die vuur lyk nie een van ons twee eintlik vir my na 'n advertensie vir vandag se manne nie. Maar dan begin 'n opstandigheid in my posvat, 'n koppigheid wat my, met 'n bietjie moeite, die Jägermeister by Alex laat afvat en die prop laat toedraai. "Nee, o vrek, as daai twee dit kon doen, waarom is ons so versukkeld?"

"Jy's nie ernstig nie," sê Alex toe ek die volgende oggend, benewens water, lemoene en Fizzers – die gebruikelike proviand vir ons vroegoggend-trippies – ook 'n spitgraaf agterop die Landcruiser laai.

"Natuurlik is ek ernstig. Vandag grawe ons witgatwortels."

"Hoekom nou weer?"

"Ek hét mos verduidelik. Oor Henno en Hermann. Oor die ou mense koffie gemaak het van witgatwortels. En oor ons vir onself wil bewys dat ons nie vrotsleg is nie."

"Reg." Alex maak die passasiersdeur oop om 'n aluminium-biervaatjie in te laai, maar ek keer. "Kyk," sê ek, "chips en steaks en so is seker onontbeerlik, maar surely kan ons, ten minste wat drinkgoed aanbetref, een dag in daai twee se voetspore loop? Dit voel vir my na die regte ding om te doen."

"En dit voel vir my jy kyk te veel Dr. Phil," antwoord Alex, maar stap tog weg om die bier te gaan bêre. En toe ons 'n halfuur later oor 'n klipvlaktetjie rammel, is dit hy wat eerste na 'n witgatboompie beduie. Toe die stof bedaar, sien

ek dit ook: 'n *Boscia albitrunca* met 'n bleekwit stam en heel skaflike kroon. Die Engelse noem dit die shepherd's tree, want dit is dikwels al wat in hierdie geweste 'n skaduweetjie vir die skaap- of bokwagter bied. Maar hierdie een lyk vir my bra kil, so kil soos die grond wat die vonke laat spat met my eerste spit. Alex maak hom op die trappie van die Landcruiser tuis.

“Die ou mense moet baie dors gewees het,” sê hy toe ek ná 'n kwartier nog net 'n voet gevorder het. Ek sê niks. Dalk is dit irritasie, dalk neem iets van Henno en Hermann se steeksheid nou ook van my besit, maar ek grawe met 'n begeestering wat my weldra 'n stuk wortel laat blootlê. Ek hou aan kap en grawe, en twee minute later hou ek 'n grondbesmeerde homp na Alex toe uit. Hy bekyk dit vlugtig, fokus dan weer op sy Fizzer. “Soos ek die storie verstaan,” sê hy, “het die oumense altyd eers 'n proetjie gevat om seker te maak dat hulle 'n lekker stuk beet het.”

Ek kyk lank na die wortel voordat ek kans sien om te proe. Ek voel skielik baie alleen daar op die vlakke; 'n ewigheid sleep verby voordat Alex wegkyk en ek die halfgekoude vesels uit my mond kan krap.

En later daardie middag is ek en Alex weer in die Landcruiser, op 'n tweede ekspedisie, en nogmaals hou ek my gedagtes vir myself. Die geratel van die bakwerk maak kommunikasie moeilik, maar Alex is vasbeslote om te probeer. Hy reik na die proviandsak en bring 'n koffiefles te voorskyn, wat ék nie daar ingepak het nie. “Ek het vir jou 'n bietjie saamgebring,” skree hy in my oor.

“En jou agterent ook,” brom ek en bepaal my weer by dinge aan die linkerkant van die Cruiser. Die witgatwortelkoffie was toe nie 'n ongekwalifiseerde sukses nie.

- Oorspronklik verskyn in Die Burger en Beeld

